

**Saterdag 16 Desember (Geloftedag)**

**Skrifgedeelte: Psalm 9:1-11**

**Fokusgedeelte: Psalm 9:11 (1933/53-vertaling)**

**Wie Hom soek, verlaat Hy nie!**

Hierdie Psalm is 3000 jaar gelede deur die geïnspireerde Dawid gedig. Hoeveel maal is dit sedertdien in krisistye gelees en gesing? Dalk ook deur ú. Dalk rondom die gebeure by Bloedrivier.

Dis 'n danklied van Dawid. Saam met sy volk wil hy die Here loof vir groot uitredding op 'n nasionale vlak. Daarom dra dit ook 'n besondere boodskap by die viering van Geloftedag.

Hoe tasbaar is die Here se goedheid ervaar. Dat wanneer Hy verskyn, die vyand verdwyn. Let op die mooi beskrywing: Die vyand retireer voor die Here. Hulle struikel. Dan kom hulle om – vers 4.

Tog het Johannes Calvyn gewaarsku dat mens God nie mag versoek nie. Nie mag verwag dat Hy sal uitred wanneer ons Hom met sondigheid probeer vermoei nie. Of dat ons maar op ons louere mag rus en verwag dat Hy as't ware in ons diens is nie. Nee, ook in sy verhoring is daar 'n faset van ons eie heil uitwerk. Ook óns kant bring.

Hy verhoor naamlik wie Hom ken. Só ken dat daar 'n innige, persoonlike verhouding is. Vertrou op Hom. Dis genade op sigself. Ons kan Hom slegs ken omdat Hy Homself aan ons kenbaar wou maak. Op grond van die versoening van ons sondes deur Jesus Christus, en deur sy Gees by ons intrek geneem het. En ons gees laat getuig dat ons kinders van God is en Hy om Christus wil ons Vader is.

Dáárom dat Hy wie Hom soek, nooit sal verlaat nie!

*Sing: Psalm 9:1, 7*

*Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)*